# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 26 6 Julie 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 6 Julie 2025 – Dr Kobus van Tonder

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Sondag 13 Julie is na die oggenddiens vir die instituut vir Christelike onderwys.

**09:00 Oggenddiens: Dr Kobus van Tonder**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die skoolvakansie
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv die skoolvakansie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 39 – Oudl Gert van der Walt
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die skoolvakansie

**Geen Aanddiens nie**

## Diensbeurte Sondag 13 Julie 2025

Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die skoolvakansie
Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv die skoolvakansie
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 40 – Oudl Len Dubery
Diakonale Diensbeurt: Groep 1
Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die skoolvakansie

# VAN HUIS TOT HUIS

## Gelukwense:

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***6 Julie***

- Sr Gerda Arnold (072 595 1103) Wyk 34

***12 Julie***

- Sr Martie Opperman (083 564 9427) Wyk 39

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***7 Julie***

- Sr Marianne Nel (082 468 7575) Wyk 10

***8 Julie***

- Sr Marisa van der Walt (084 765 4242) Wyk 2
- Sr Wytske van Wyk (083 601 6154) Wyk 4

***13 Julie***

- Br Brendan Diamond (072 219 9985) Wyk 4

**Baie geluk aan die volgende egpaar met die herdenking van hul huwelik**

***9 Julie***

- Br Wimpie en sr Janie Steyn (082 452 7626) Wyk 34 met hul 34ste herdenking

## Neem kennis:

- Dr De Wet is vir twee Sondae (vanaf 27 Junie) met verlof. Enige dringende sake kan na die wyksouderlinge verwys word.
- Ek is op soek na 'n kamer met 'n badkamer of 'n klein woonstel vanaf 15 Julie 2025 vir 'n man. Die huur moet nie meer as R4 500 wees nie. Enige plek in Krugersdorp. Francois Greyling (083 324 2281) Wyk 39

# KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 29 Junie 2025** | | **SnapScan: 29 Junie 2025** | |
|---|---|---|---|
| R 1081.00 | Oggend: Barmhartigheid | R 637.62 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 608.00 | Oggend: Deure/ Teol. Studentekas | R 231.85 | Oggend: Deure/ Teol. Studentekas |

## *Beroepenuus*

<u>Beroepe ontvang</u>

- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Benoni as medeleraar
- Ds PC (Nelius) van Rooy van GK Elandskraal na GK Kameeldrift

## *Gedagte vir die week*



Die Here jou God is in jou midde, 'n held wat verlos.
Hy verheug Hom met blydskap oor jou, Hy maak jou stil met sy liefde. Hy sal oor jou juig met jubelkrete.
Sefanja 3:17

**Reddersburg**















# Glo en Verstaan (2)

**Johannes 20:8-9**: "*Daarna het die ander dissipel (Johannes), wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en **geglo**. Hulle het nog nie die Skrif **verstaan** dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.*"

Ons bepaal vandag ons aandag by nog twee tekste in die Ou Testament wat oor Jesus se opstanding handel, maar wat die dissipels nie verstaan het nie. Hulle kon nie sien dat dit vir hulle van Jesus se *opstanding* vertel nie.

- **Jesaja 53:10,11**: "*As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe… Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken*." Hier word die koms van die Messias voorspel – Hy sal "*'n nageslag hê en nog lank lewe*" en "*Hy sal weer die lig sien*." Hy is sterker as die dood.
- Jesus het Self vir sy dissipels van Jona vertel. Die kern van die boek Jona is: Die Here stuur Jona om vir Nineve ('n heidense stad) te gaan preek dat hulle, hulle moet bekeer, en so stuur Hy Jesus na die Jode toe dat hulle, hulle tot God moet bekeer. Jesus vervul die profesie van Jona volledig. Maar binne hierdie geskiedenis is ingeweef die geskiedenis van Jona wat drie dae in 'n vis was, en tog daarna weer lewe. En dan verklaar Jesus dié gebeure soos volg in **Matteus 12:40**: "*Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees*." Toe Jesus dit vir sy dissipels gesê het, het hulle die betekenis daarvan nie verstaan nie, maar ná sy opstanding is dit baie duidelik dat dit profeties na sy opstanding verwys – én deur Hom vervul is.

Al hierdie Skrifuitsprake in die Ou Testament (ook dié van verlede week) oor Jesus se opstanding het die dissipels tot hulle beskikking gehad, maar hulle het dit *vóór sy kruisiging* nie verstaan nie, hulle het dit ook *ná sy opstanding* nie verstaan nie. En tog – ja, en tog het hulle **geglo** dat Hy opgestaan het uit die dood, dat Hy die dood oorwin het, dat Hy sterker is as die dood – soos hulle ook al gesien het hoe Hy dooies opgewek het uit die dood.

Hoe het dit gebeur dat hulle wel geglo het dat Hy opgestaan het? Kon hulle nie ook – soos Maria Magdalena – gedink het nie: Iemand het sy liggaam uit die graf weggevat, en op 'n ander plek gaan begrawe het? (Joh. 20:2) Hoe kom dit dat hulle dieselfde leë graf sien as Maria en glo? Hieroor is die Here in sy Woord baie duidelik: Daar is net een manier hoe jy tot geloof kom, en dit is deur die werk van die Heilige Gees! Paulus skryf in **2 Korintiërs 4:13**: "*Ons het dieselfde **Gees wat die geloof wek**, en ons glo, daarom praat ons ook*." Ook 1 Korintiërs 12:9 sê dat geloof 'n gawe van die Heilige Gees is.

Sien u: **Hulle glo sonder om te verstaan**. Jy *glo* eers, dan *verstaan* jy. Dit is ook wat **Hebreërs 11:3** ons leer: "*Omdat ons **glo**, **weet*** (dis 'n rasionele aktiwiteit) *ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is*…" Ons wil tog so graag (eers) dinge verstaan. Baie keer weet ons nie en verstaan ons nie waarom sekere dinge gebeur nie – jy verloor jou werk, jou siekte, jou geldelike probleme, die dood van 'n geliefde. Dalk *sál* jy nooit verstaan nie. Maar gelukkig *hoef* jy nie te verstaan nie. Dat God weet, is genoeg. Hy laat alle dinge ten goede meewerk vir dié wat vir Hom lief is (Rom. 8:28). Al wat ons moet doen is, **glo net** – *glo* in God, *glo* Hy is in beheer van jou lewe. Dit is genoeg!

Later het die dissipels wel die Skrifuitsprake oor Jesus se opstanding verstaan – Petrus preek daaroor in Handelinge 2, veral Psalm 16. Jesus het ook die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het vir hulle uitgelê (Luk. 24:27). Die feit dat hulle die Skrifuitsprake oor sy opstanding verstaan het, is óók die werk van die Heilige Gees. **2 Petrus 1:20-21** sê tog uitdruklik: "*Dít veral moet julle weet: **geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie**, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die **Heilige Gees** meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig*."

Tog het die dissipels **geglo** Jesus het uit die dood opgestaan vóór hulle **verstaan** het. En ons vandag? Ons glo dat Hy opgestaan het uit die dood, én ons verstaan die Skrifuitsprake oor Hom in die Ou Testament – want in die Nuwe Testament verklaar God dit vir ons deur die werk van sy Heilige Gees. Deur die bril van die Nuwe Testament en Jesus se dood en opstanding, kan ons sien hoe God in die Ou Testament alreeds vir ons van sy opstanding vertel het.

Máár – ons sal **die *gebeurtenis self* dat Hy opgestaan het**, en dat ons lewe al het ons ook gesterwe (Joh. 11:25-26), en dat ons op die laaste dag ook gaan opstaan met verheerlikte liggame (Fil. 3:21) – dít sal* (en hoef!*) ons nooit (te) verstaan nie (ons glo dit soos 'n kind!), want dit is 'n wonderwerk van God! En ons dank en prys en eer God dat dit só is – en dat Hy ons ook uit die dood sál opwek op die laaste dag!

[* In Latyn kry ons pragtige woordspeling hieroor – net een letter word verander, maar dit maak 'n wêreldse verskil: **non liquet** = dit is nie duidelik nie, ek sal nie verstaan nie. **non licuet** – dit word nie toegelaat nie, ek mag nie, ek hoef nie (te verstaan nie), dit is die verborge raadsplan van God. Dit geld ook vir die uitverkiesing. Dink mooi hieroor na.]

**–** Dr. André Grové

## PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025

<u>6 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>
Oggend: Besoekende predikant – Ds Kobus van Tonder
<u>13 Julie (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Dr De Wet – Jesus se afskeidsgebed. Johannes 17 (T = Joh 17:17-21).
<u>20 Julie (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Dr De Wet – Ons het almal voorbidding nodig! – Kolossense 4:1-18 (T = Kol 4:12).

**SKOLE OPEN (22 JULIE)**

<u>27 Julie</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (1) – Bid met hartlike sugte sonder ophou! Lukas 11:5-13 (T = Ef. 5:18; Luk. 11:13 & HK, Sondag 45, Vraag 116b).
Aand: Dr De Wet – Kerkgeskiedenis – Die geskiedenis van die GK Krugersdorp – God het die kerk gekies, gered en gemerk ...! Efesiërs 1:1-14 (Ef. 1:3).
<u>3 Augustus</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (2) – Hoe en wat moet ons bid? Jesaja 57:14-21; Matteus 6:5-15 (T = Matt. 6:9a).
Aand: Dr De Wet - Die Dordtse Leerreëls – Geskiedenis en ontstaan van die Dordtse Leerreëls – Romeine 5:12-21 (T = 1 Joh. 4:9-10).
<u>10 Augustus</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (3) – Laat U Naam geheilig word. Johannes 12:20-26 (T = Joh. 12:27-28; Matt. 6:9 & HK, Sondag 47, Vraag 122).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1:1, 2 – Stellend – God verlos ons van die ewige dood! Romeine 3:9-31 (T = Rom. 3:21-24).
<u>17 Augustus</u>
Oggend: Besoekende predikant – ds Cassie Aucamp
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1:2 – Weerleggend – Die onmisbare skakel in God se genadeketting. Romeine 8:18-30 (T = Rom. 8:29-30)
<u>24 Augustus ((Voorbereiding)</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (4) – Laat U koninkryk kom. Openbaring 19 (T = Matt. 6:10 & HK, Sondag 48. Vraag 123).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2:3-4 – Stellend – Jesus is dié versoening vir ons sondes! 1 Johannes 1:5-2:2 (T = 1 Joh. 2:2).
<u>31 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (5) – Laat U wil geskied. Johannes 4:27-34 (T = Matt. 6:10b & HK, Sondag 49).
Oggend Dankdiens: Dr De Wet – Die Onse Vader (6) – Ons brood vir die dag. Psalm 104:24-30; Markus 6:35-44 (T = Matt. 6:11; Ps. 104:27-29 & HK, Sondag 50).
<u>7 September</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (7) – Vergeef ons ons oortredings! Matteus 6:12; 18:21-35 (T = Matt. 6:12 & HK, Sondag 51).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2 – Weerleggend – Leef soos kinders van die verbond en laat die verbond in ons leef! Jeremia 31:27-34 (T = Jer. 31:31; Heb. 7:22).
<u>14 September</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (8) – Verlos ons van die Bose! Matteus 4:1-11 (T = Matt. 6:13 & HK, Sondag 52a).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 – Stellend – Die totale verdorwenheid van die mens! Genesis 1:26-31; 6:1-8; 8:20-22 (T = Gen. 6:5-6).
<u>21 September</u>
Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 :4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).
<u>28 September</u>
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

<u>5 Oktober (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
<u>12 Oktober (Geen aanddiens)</u>
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van
Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).




Wapadrant Gemeente
Sunriseweg 3, Olympus
15 AUGUSTUS 2025 18:30
ELVIS BLUE
KAARTJIES & BESTELLINGS:
Help asb. om kaartjies te verkoop. Neem 'n pakkie van 5 kaartjies, koop vir jou eie gesin en verkoop die res aan familie en vriende.
BESTEL WORSBROODJIES:
(012) 991 1395
kantoor@gkwapadrant.co.za
VOLWASSENES R200
HOËRSKOOL KINDERS R100
LAERSKOOL KINDERS R50
WORSBROODJIES R30


Sluit by ons aan vir 'n aand van
LOF & AANBIDDING
(Openingserediens vir die nasionale simposium van die SAKOV)
Donderdag, 31 Julie 18:30
Wapadrant Gemeente
Sunriseweg 3, Olympus
Gelei deur dr Rassie Smit
Anna-Maria Vermeulen (Fluit), Lizet Smith (Klarinet),
Rassie Smit (Tjello) & Stephan Geyer (Orrel)

# DAGBOEK DIE DATUM!

## Alle diakens van die GKSA word uitgenooi.

# *Nasionale* DIAKONALE KONGRES

**DV Saterdag**
**25 Okt 2025**
**GK Rietvallei**
**Pretoria**

Meer inligting volg binnekort. Kontakpersoon Anri - dds.skakeling@gmail.com

'n Byeenkoms tot eer van God waar ons:

- mekaar wil ondersteun
- mekaar met raad en advies wil bedien
- onderlinge verhoudinge met mekaar wil opbou en versterk



Aangebied deur Klassis Pretoria Suid-Wes in samewerking met die Deputate Diakonale Sake van die GKSA